# VOORBIDDING:

Geroep Gewillig Gestuur



**Wêreld**: Kenia, Tanzanië, Soedan, Suid-Soedan, Uganda, Eritrea, Ethiopië, Djiboeti en Somalië. Slagoffers van terreur en geweld regoor die wêreld. Die Midde-Oosterse onstabiliteit en oorlog, die uitkringeffek daarvan op die res van die wêreld en die slagoffers weens aanvalle en teenaanvalle. Die beëindiging van die oorlog in Oekraïne en die slagoffers van beide Rusland en Oekraïne. Willem en Alla van der Colff en die werk wat hulle in Oekraïne doen. Ntsiuoa Tsemane en die werk wat sy in Malawi doen. Oplossings, planne en samewerking om aardverwarming se pas te vertraag en moontlik om te keer, asook om plastiekbesoedeling te verminder. Slagoffers van natuurrampe regoor die wêreld.

**RSA & Dorp:** Wet en Orde - polisie en beskermingsdienste, veiligheidswagte, misdadigers en slagoffers. Al die uitdagings waarmee ons land sukkel in basiese onderwys sowel as verdere opleiding. Oplossings vir die hoë misdaadsyfers, veral misdade teen onskuldige kinders en kwesbares. Bendegeweld, taxigeweld en slagoffers en gevolge daarvan in gemeenskappe. Hoop vir mense in gemeenskappe wat onder erge droogte gebuk gaan. Oplossings vir ons land se energiekrisis asook water– en sanitasie uitdagings. Politieke stabiliteit in ons land en wysheid en samewerking in die regering van eenheid. Werkbare oplossings en samewerking om die bek-en-klouseer ramp af te weer. Ondersteuning aan vloedslagoffers en opruimingspanne en die heropbou van plase en plaasgemeenskappe.

**Gemeente & Kerk:** Lidmate wat treur, siek en verswak is en diegene onder behandeling en aan die herstel. Dankbaarheid vir God se sorg. Gehoorsaamheid aan ons missie: Geroep, Gewillig, Gestuur. 'n Geseënde rustyd in die wintervakansie.

**Baie geluk aan die volgende lidmate wat op Sondae in die vakansie verjaar:** 28 Junie: Geen verjaarsdae. 5 Julie: Roelof Diener (Formosa), Elsa-Marié Hanekom (De Zalze), Francois Loedolff (Coligny) en Marline Wiese (Brandwacht). 12 Julie: Japie Roux (Somerbosch). 19 Julie: Mark Baxter (Buitekring), Johan Hanekom (De Zalze), Michelle Hattingh (Dennerand), Nina Muller (Mooiberge), Jomarie Pretorius (Mazot) en Dine Turner (Wege).




## Ons is 'n groen gemeente wat herwin!

In die vierkant by die houers, waar ons papier en glas herwin vir Huis Horison, is daar houers vir elektroniese en elektriese toerusting, asook vir energiebesparende gloeilampe, batterye en ou selfone. Jy kan selfs drukkers en ander rekenaartoerusting wat stukkend is, of elektroniese speelgoed met batterye in, bring. Dan kan jy ook klere, beddegoed, handdoeke en lappe (in 'n goeie toestand) bring, skoon joghurthouers (en ander skoon kosverpakkings waarin Voedingsaksie kos kan bedien) en ook huishoudelike items in 'n goeie toestand wat op die Wit Olifante Tafel verkoop kan word of aan die ACVV se winkel, *Ampe Veniet*, geskenk kan word. Sporttoerusting en boeke is ook welkom.




Weekblad van Stellenbosch-Welgelegen Gemeente

# WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.


## Wintervakansie van 2026

### Preekbeurte tydens die vakansie

Koninkrykstyd

Sondag 28 Junie — Danie Goosen

Sondag 5 Julie — Danie Goosen

Sondag 12 Julie — Danie Goosen

Sondag 19 Julie — Hennie Möller

Jaartema: SORG



## Geniet die ruskans!

Ons hoop jou vakansie is heerlik en dat daar genoeg tyd is om tot rus te kom en die mooi rondom jou raak te sien. Indien jy ver paaie aandurf, wees veilig en reis veilig. Ons hoop jou batterye word goed herlaai vir die besige tweede helfte van die jaar!

*Hy beveel die sneeu om op die aarde te val; die reëns val, stortreëns wat getuig van sy krag. Die diere soek skuiling en bly in hulle skuilplekke. Die stormwind kom uit sy blyplek, die yswinde wat koue bring. Job 37: 6, 8-9*

## Elzanne neem Sabbatsverlof vir Kai

Elzanne van der Westhuizen sal van 22 Junie tot en met 21 Julie met Sabbatsverlof wees. Predikante kry drie-jaarliks 30 dae Sabbatsverlof en Elzanne gaan in hierdie tyd haar seuntjie, Kai, ondersteun met sy intensiewe bestralingsbehandeling wat vir 'n groot gedeelte van die tyd gaan duur. Ons bly bid vir Kai se volkome herstel.

## Beroeping van gekoppelde leraar

Die kerkraad maak bekend dat Hennie Möller op die kerkraadsvergadering van 9 Junie 2026 beroep is as gekoppelde leraar van die gemeente. Volgens die kerkorde moet die beroeping op twee agtereenvolgende Sondae by die erediens afgekondig word vir goedkeuring (approbasie) deur die gemeente.



*Kom haal wol by die kerkkantoor en kyk of jy ook sulke mooi truie, bedsokkies en mussies kan brei gedurende die wintervakansie! Die nood in die gemeenskap bly groot.*

**ONS KANTOORURE is** Ma: 08:00 - 13:00

*Die kerkkantoor is gesluit van 6 tot 10 Julie.*

*Vir pastorale versorging, kontak Danie Goosen by 079 525 3624.*

**PROGRAM VIR DIE VAKANSIE: Maandag 29/06 tot Sondag 26/07**

| | | |
|---|---|---|
| So 05/07 | 09:30 | **Koninkrykstyd**<br>**Erediens:** Danie Goosen |
| Ma 06/07 | | **Kerkkantoor gesluit tot Vrydag 10 Julie 2026** |
| So 12/07 | 09:30 | **Koninkrykstyd**<br>**Erediens:** Danie Goosen |
| So 19/07 | 09:30<br>18:00 | **Koninkrykstyd**<br>**Erediens:** Hennie Möller<br>**Diens by Bonheur:** Danie Goosen |
| Ma 20/07 | | **US-klasse begin** |
| Di 21/07 | 10:00 | **Skole begin**<br>**Biduur by La Cleménce:** in die klubhuis |
| Wo 22/07 | 09:30<br>15:00 - 18:00 | **Geloofsgroei Byeenkoms in die konsistorie.** Almal is welkom! Danie Goosen is die aanbieder. Ons kuier na die tyd verder saam in die vierkant met tee en koffie.<br>**Weskaapse Bloedskenkkliniek:** in die kerksaal |
| Do 23/07 | 09:00 - 12:00<br>10:00 | **Naaldwerkbediening:** kom werk saam met die vroue van die Naaldwerkbediening by die kerk in die naaldwerkkamer.<br>**Bybelstudie by Bonheur:** Danie Goosen |
| So 26/07 | 09:30<br>10:30<br>10:30<br>18:00 | **Koninkrykstyd**<br>**Erediens & Kategese:** Elzanne van der Westhuizen<br>**Kategese-samevatting:** in die kerksaal<br>**Kerkbiblioteek & Koinonia Kafee:** in die vierkant<br>**Tienerkerk**: tieners ontmoet Elzanne in die leeskamer |

**Deuroffers gedurende die vakansie gaan aan:**

Biblia Hawesending (28 Junie): Bykans 30 000 seevaarders uit meer as 70 lande besoek jaarliks die hawe van Kaapstad. Die bediening van die Christus-evangelie aan ons besoekers (deur skeepsbesoeke, persoonlike gesprekke, vriendskapsevangelisasie en sosiale hulpverlening) word sedert die 1940's in die Kaapstadhawe onderneem. Dit het 'n ekumeniese uitreikaksie geword en strek vanaf Richardsbaai in die ooste van die land tot by Saldanha-hawe in die weste.

Studentebearbeiding (5 Julie): Studentebearbeiding fokus op die ondersteuning van die bediening aan studente in Stellenbosch, Tygerberg en Wellington, asook die post-matriek fees.

Teologiese Kweekskool (12 Julie): Die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch bied onder andere opleiding vir studente van verskillende kerke met die oog op die bediening as predikante en jeugwerkers. Predikante van die NG Kerk-familie word sedert 1859 hier opgelei. Jou voorbidding vir beide die bedienings- en akademiese vorming van al die studente, die dekaan, dosente en al die personeel word gevra.

Hugenote Kollege (19 Julie): Die kollege is die NG Kerk se eie universiteit wat as 'n privaat opleidingsinstansie studente vanuit die Christelike geloof en waardestelsel oplei om maatskaplike- en kerklike dienswerk te kan beoefen. Hugenote Kollege lei ook predikante en kerkplanters op en lewer 'n groot bydrae om diensleraars vir die NG Kerk op te lei. Die kollege bied ook 'n verskeidenheid kortkursusse aan vir gemeentes en lidmate wat hulle kan help om hulle dienswerk in die Koninkryk van God nog beter te kan doen. Meer inligting by https://hugenote.com



## Bloedskenkkliniek

Die Wes-Kaapse Bloeddienste hou **Woensdag 22 Julie** tussen 15:00 en 18:00 'n bloedskenkkliniek in ons kerksaal. As jy gesond is en nie bang is vir die naaldprik nie, kom skenk gerus.

## Lesotho-uitreik 2026



Ons beplan weer hierdie jaar 'n uitreik na Lesotho. Die datums is 24 September tot 3 Oktober. Alle lidmate, oud en jonk, is welkom om saam te kom. Hoërskoolkinders kan sonder hul ouers reis, maar laerskoolkinders moet asb vergesel wees van een of beide ouers. Kry ook solank alle paspoorte in orde! Indien jy/julle wil saamkom, kontak vir Braam Horn (071 608 4398 / braam.horn@mediclinic.com).

## Nuwe Jong Werkende Bediening

Daar is nuwe energie in die gemeente met die vorming van ons Jong Werkende Bediening! Kontak vir Elizna Horn by 081 778 8008 of Gerrit Oosthuizen by 083 858 0008 as jy deel van hierdie bediening wil word. Maak saam planne en droom saam!

**Moet asb nie sit en bibber in die erediens nie**... neem gerus een van die *fleece*-kombersies by die ingang en gebruik tydens die erediens! Los dit net weer in die mandjies ná die erediens.





Junie se Barmhartigheidsaksie-tema fokus op: **Getuienis en Sending.** Ons samel steeds warm klere, reënklere en komberse in vir behoeftiges wat dit so nodig het in die koue wintermaande. *Die deuroffers gaan aan Oekraïne-sending, Sending: Zimbabwe, Malawi en Mosambiek, Geopende Deure en Biblia/Hawesending/Seelui.*





Julie se Barmhartigheidsaksie-tema fokus op: **Opleiding**

Ons begin met die insameling van droë voedsel, blikkieskos en sopbestanddele tot aan die einde van Augustus (as deel van Barmhartigheidsmaand). *Die deuroffers gaan gedurende Julie vir Studentebearbeiding, die Teologiese Kweekskool, Hugenote Kollege en Stellemploy.*




| **Bankbesonderhede** | **NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen** |
|---|---|
| Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank) | Telefoon: 021 886 5975 |
| Takno: 149821/198765 Rekno: 149 8046 320 | E-pos: skriba@stelwel.co.za |

**Betaal met SNAPSCAN** (onthou om 'n verwysing in te tik)

Die deuroffer op 21 Junie aan Geopende Deure was R1 472-50.

*Baie dankie!!*